



PETRUSBURG NUUS

Deur God se genade 'n biddende gemeente wat mekaar in liefde dien en uitreik na die wêreld. 30 Mei 2021

Drie-eenheidsondag

Op hierdie Sondag eer ons God as 'n drie-enige Wese. Die woorde Drie-eenheid of drie-enig kom nêrens in die Bybel voor nie; ook nie 'n uitgewerkte leer oor die Drie-eenheid nie. Die woord Drie-eenheid is 'n benaming wat in die kerk ontstaan het in sy worsteling om iets te probeer verstaan van wie God is.

Die kerk wil met hierdie benaming probeer getrou bly aan dít wat ons van God leer in die Bybel. In die Bybel staan dit onmisverstaanbaar dat daar net één God is. En tog leer ons God in die Bybel ken as Vader, Seun en Gees; drie Persone in die een Wese wat ons God noem. Lees ook die rubriek "Só glo ons". Die simbool bo-aan die bladsy probeer iets daarvan versinnebeeld.

Vanoggend se erediens

Tema: Die Kerk in die eindtyd

Nuwe bedeling vir eredienste

Die kerkraad het Dinsdag besluit dat ons voortaan op twee Sondae van die maand 'n informele erediens (voorheen genoem "Gesindiens") sal hê wat hoofsaaklik uit sang en 'n boodskap sal bestaan. Dié dienste sal deur Ruach begelei word, terwyl die formele eredienste deur die orrelis begelei sal word op orrel en/of klavier soos nodig. Daar sal by beide dienste vanaf 09:15 voorafsang wees met Ruach en die orrel of klavier onderskeidelik.

Dié besluit spruit voort uit die meningspeiling wat die kerkraad onlangs gehou het, waaruit die volgende resultaat geblyk het:

- ♪ 58,3% het begeleiding deur beide die orrel en Ruach verkies.
- ♪ 89,6% het gesê hulle hou van die voorafsang.
- ♪ 68,8% verkies voorafsang elke Sondag.
- ♪ 56,3% het gesê hulle wil elke twee weke 'n informele diens hê. Niemand het aangedui dat hulle dit glad nie wil hê nie.

Op versoek van Ruach het die kerkraad besluit dat ons orrelis, Elmien Thom, nie deel van Ruach sal wees nie.

Só glo ons

Nederlandse Geloofsbelydenis Artikel 8

Ek glo ...

Ons glo volgens hierdie waarheid en hierdie Woord van God in 'n enige God, een enige Wese, in wie drie Persone is, naamlik die Vader en die Seun en die Heilige Gees, wat in werklikheid en in waarheid en van ewigheid onderskeie is volgens die eienskappe wat hulle nie met mekaar deel nie. Die Vader is die oorsaak, oorsprong en begin van alle sigbare en onsigbare dinge. Die Seun is die Woord, die Wysheid en die Beeld van die Vader. Die Heilige Gees is die ewige Krag en Mag wat van die Vader en die Seun uitgaan. Nogtans volg uit hierdie onderskeiding nie dat God in drie gedeel is nie, aangesien die Heilige Skrif ons leer dat die Vader en die Seun en die Heilige Gees elkeen sy eie selfstandigheid het, deur sy eienskappe op so 'n wyse onderskei dat hierdie drie Persone slegs een enige God is. Dit is dus duidelik dat die Vader nie die Seun en die Seun nie die Vader is nie; eweneens dat die Heilige Gees nie die Vader en nie die Seun is nie. Nogtans is hierdie drie Persone wat so onderskeie is, nie gedeel nie en ook nie onderling vermeng nie. Want die Vader en die Heilige Gees het nie vlees aangeneem nie, maar slegs die Seun. Die Vader was nooit sonder sy Seun of sy Heilige Gees nie, want al drie is van gelyke ewigheid in een en dieselfde Wese. Daar is nie 'n eerste of 'n laaste nie, want al drie is een in waarheid, mag, goedheid en barmhartigheid.

Ons Program

Vandag: Die-eenheidsondag

- 📖 **Informele diens** om 9:30 olv ds Abraham Swanepoel van Kimberley-Harmonie
- 📖 **Kategese en Sondagskool**
- 📖 **Deuroffer:** Gemeentehulp
- 📖 **Tee en verversings** – Dankie aan Swartkoppies-wyk.

Sondag 6 Junie: Nagmaal

- 📖 **Nagmaal** om 9:30 olv ds Jaco Thom
- 📖 Nie **Sondagskool** nie agv die nagmaal
- 📖 **Deuroffer:** Gemeentehulp (2de Kol)
- 📖 **Tee en verversings** – Wyk 3



Kniekombersie met Eredienste

Lidmate is welkom om hul eie kniekombersie te bring tydens eredienste vir die koue.

Bybellees-program

Ons is tans besig met Jesaja. Op die WhatsApp-groep *Petrusburg* kan jy elke dag 'n kort oordenking oor die betrokke hoofstuk kry, of op ons toep. Om by die WhatsApp-groep aan te sluit, kontak Jaco Thom of klik [hier](#). Die toep kan jy aflaai by Google Play of App Store. Soek net *NG Kerk Petrusburg*.

Lief & Leed

Verjaarsdae

Die volgende lidmate verjaar in die week wat voorlê. Baie geluk! Mag dit 'n besondere jaar vir elkeen van julle wees.

Mei

31 Hennie Oberholzer

Junie

- 1 Elzette Odendal; JG van Loggerenberg
- 2 Estie Erasmus; Ina van Jaarsveld
- 3 Elize Barnardt; Joke van Schalkwyk
- 4 Rene van Loggerenberg
- 5 Jannie Venter

Veels
Geluk

Huweliksherdenking

Mei

27 Koos & Ona Oosthuizen (49j)

Voorbidding

- 'n Hele aantal inwoners en personeel van **Ons Woning** het tans Covid-19. Bid vir hulle en die ander inwoners en personeel asb.
- **Iset Annandale** is oorlede aan Covid-19.
- Danie en Min Venter se seun **Danie** het verongeluk.
- Bid vir die mense wat deur die onlangse **verwoestende brande** in die Sentraal-Vrystaat geraak is.



Vrouebediening Kwartaal 2

Maria Groep (Wyke 3 & Leeukuil)

Sameroeper: Amanda van der Westhuizen

6 Jun Nagmaal – Blomme & Nuusbrief

20 Jun Vadersdag

9 Jul Skole Sluit



Dolering en die pad vorentoe

Op 16 April 2021 is daar in Bethal 'n konferensie gehou om die pad vorentoe te bespreek. Ds Jaco, Danie Jacobs, Phillip du Plessis en André Hugo het dit aanlyn bygewoon. By dié geleentheid is die behoefte aan 'n meer vaste struktuur uitgespreek.

Voortspruitend uit dié konferensie is besluit om 'n Nasionale Konferensie te hou op 25 Junie 2021 by Moreletapark Gemeente. Die hoofdoel van die Konferensie sal wees om 'n proses te begin vir die stigting van 'n Familie van Reformerende Gemeentes later in die jaar. Gemeentes wat doleer asook ander behoudende gemeentes en lidmate kan die geleentheid bywoon. Die geleentheid word ook bebeeldsend. *Die kerkraad het besluit dat ons weer aanlyn sal inskakel.*

Daar word verder beoog om teen die tweede helfte van Oktober 2021 by Moreleta Park formele familieverbande te sluit tussen behoudende gemeentes in die NG Kerk Reformierend. Dolerende en ander behoudende gemeentes sal 'n formele afvaardiging soontoe kan stuur om deel te word van die familie van behoudende NG Kerke (Reformierend). Ander behoudendes sal dit ook kan bywoon. *Die kerkraad het besluit om 'n formele afvaardiging met geloofsbriewe na dié vergadering te stuur.*

Dit sal opgevolg word met die verdere vorming van kleiner NGK (Reformierend) Gespreksgroepe, soortgelyk aan die ringe in die kerk tans. Afgevaardigdes met geloofsbriewe sal dan wettige besluite kan neem op die vergadering. Die gebeure sal weereens bebeeldsend word.

Die beplanning is dat hierdie familie van behoudende gemeentes uiteindelik 'n selfstandige sinode binne die NG Kerkverband kan word.

ADVERTENSIE

Jagpakket bestaande uit 1 eland, 1 blouwildebees en 2 springbokke is plaaslik beskikbaar teen R17 000. Dis nog vir die Manne-Aand.

Kontak Marnus by 076 128 6998 indien u belangstel.

<u>Leraar:</u>	Jaco Thom	084 523 1157	jaco@ngkerkpetrusburg.co.za
<u>Kantoor:</u>	Madette Lombaard	053 574 0279	ngkpetrusburg@gmail.com
<u>Orrelis:</u>	Elmien Thom	084 562 3434	elmien@ngkerkpetrusburg.co.za
<u>Koster:</u>	Annamarie Dercksen	072 499 4262	annamarie.dercksen@yahoo.com
<u>Webwerf</u>	www.ngkerkpetrusburg.co.za		facebook NG Kerk Petrusburg
<u>Kantoorure</u>	Maandae: 11:00-13:00 & Dinsdae – Vrydae: 08:00-13:00		
<u>Bankrekening</u>	ABSA Tjekrekening 2610580001		